

Liturgiese Riglyne

SONDAGOGGEND 9:00

*Dag van Verootmoediging – Biddag vir reën
Jou lewe as brandoffer, 'n lieflike geur vir die Here!*

Skriflesing: Levitikus 1
Matt 22:36,37; Efes 5:1,2
(OAV)

Teksvers: Levitikus 1:9b

Sing:

Ps 100:1,2
Ps 33:7,10,11
Ps 130:2,3
Ps 119:23,25
Ps 65:1,2,3 en 8
Sb 13-3

Orrelis: Corlea vd Walt
Projektor: Nicolai vd Merwe
Klank: Charl vd Bergh
Prediker: Ds Maarten van Helden

Op hierdie dag waar ons die Here ernstig sal bid vir reën in ons land, is dit weer uiters nodig dat ons *ons opnuut sal toewy aan die grote God* en Here van ons verlossing.

Nadat God sy volk wonderbaarlik uit die slawerny van Egipte verlos het, roep Hy hulle op tot toegewyde godsdiens. Hy roep eerste (Lev 1:1). Hy is nie soos die heidense afgode wat wag om te kyk of sy onderdane Hom aanbid om so die 'gode' se guns te wen nie. Hulle is sy gunsgenote! Hy leer hulle selfs hoe die offers lyk waarvan Hy hou en wat vir Hom aanneemlik is.

So roep ook die apostel Paulus in Rom 12:1 –

“Gee julleself (lett: julle liggame) aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is”. (Vgl ook Ef 5:1,2)

SONDAGAAND 18:00

Ware geloof kom tot uiting in jou dankbaarheid teenoor God.

Nood, Uitkoms, Dankbaarheid

Skriflesing: Luk 17:11-19

Teksvers: Luk 17:11-19

Sing:

Lied `184:1,3,4
Ps `145-1:1,12
Sb `1-2:1-3
Sb `13-2

Orrelis: Corlea vd Walt
Projektor: Johan Hoogenboezem
Klank: Hein Kaiser
Prediker: Ds Gerrit Kruger

In die Winter kla ons dit is te koud en in Somer kla ons dit is te warm. Of dit is te droog of te nat – daar is altyd fout. Ons dankbaarheid teenoor God is dikwels relatief. As dit goed gaan vergeet ons so maklik die Here, maar as dit sleg of swaar gaan hardloop ons gou na die Here toe. Ons is gou om te bid en te vra, maar ook stadig om dankie te sê en te prys.

- Die nood van tien melaatses.
- Die uitkoms van tien melaatses.
- Die dankbaarheid van Een melaatse.

KOMMUNIKAATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 44 Nr 37 3 November 2019

Webblad: <http://www.gkcenturion.co.za>



“Ander godsdienste sou dit nie gevat het nie...!?”

Mens hoor hierdie woorde gedurig as ons geloof in die gedrang is. Dan word daar vertel hoe dat ander gelowe in opstand sal kom indien daar so met hulle godsdiens gespot word. Ek onthou juis hoe iemand, wat op die punt was om een of ander militante aksie in die naam van Jesus van stapel te stuur, dit 'n paar jaar gelede nogmaals vir my gesê het. Toe sê ek vir hom hulle tree niks anders as daardie einste godsdienstiges op nie.

“Maar ons moet opstaan vir die Here,” sê hy driftig.

“Inderdaad, maar dan soos wat die Nuwe Testament ons leer,” antwoord ek. Toe herinner ek hom aan 1 Petrus 2:15: “Dit is die wil van God dat julle deur goed te doen 'n einde sal maak aan al die kwaad wat mense sonder begrip uit onkunde praat.” Toe voeg ek by dat Petrus ons boonop in vers 18-21 oproep om in moeilike omstandighede lyding te verduur vir Christus. Met name skryf hy in vers 20: “Om lyding te verdra wanneer julle goed doen, dit is genade van God. Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle gely en so vir julle 'n voorbeeld gestel het sodat julle in sy voetspore kan volg.”

“Beteken dit ons mag niks doen nie?” vra die persoon.

“Nee, dit beteken ons handel altyd in liefde, ook as ons protesteer. Ons voorbeeld is Jesus, nie ander godsdienste nie. Ons doen wat 1 Petrus 2:23 sê: “Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie. Toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel.””

Ons moet weet ons geloof gee soms aanstoot. Die Nuwe Testament waarsku ons oor en oor dat dit sal gebeur. Die vraag is egter hoe ons hierop reageer. En dit is juis hier waar ons 1 Petrus 2:21 en 23 getrou moet navolg. Jesus self wys vir ons hoe ons moet optree in sulke tye. Ons beledig nie terug nie. Ons raak nie aggressief nie. Ons veg nie. Ons baklei nie. Ons pak ons aanvalswapens weg. Vroeër moes Petrus self dit ook leer toe Jesus gearresteer is in die Tuin van Getsémané. Ons lees in Johannes 18 hoe hy sy swaard uitgeruk het en begin baklei het. Toe het Jesus hom gestop, want Sy ryk kom nie deur mag en geweld nie.

Ons mag protesteer as ons Heer se mooi Naam in die gedrang is. Maar ons kry eers al die feite voordat ons blindelings instorm. Ook herinner ons onself aan Jesus se voorbeeld in 1 Petrus 2 oor hoe ons moet optree. Slegs deur ons eie voorbeeldige optrede in sulke tye sal ons 'n getuigenis, hê. Wanneer ons nie kwaad met kwaad vergeld, of belediging met belediging nie (1 Petrus 3:9), sal ons met integriteit en beskeidenheid oor ons geloof kan praat (1 Petrus 3:15-16). Ons as navolgers van Christus is nie militant of triomfantalisties nie. Ons is knegte van ons Here. En ons leef ook so.

Stephan Joubert

ALGEMENE INLIGTING EREDIENSTYIE

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Sothodiens: 12:30
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Kantoorure: **Ma-Do** 08:00 - 13:00

Telefoon: 012 664 2614

Epos: Kerkkantoor—kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Basdenlaan 226

Lyttelton

0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595

Ds Paul van den Berg: 084 263 2055



Loof die Here!

DIENSBEURTE: Ouderlinge: Herman Prinsloo

Diaken: Wynandt v Wyk

NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

KLEINGROEPKOMMISSIE: Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763

KOMMUNIKATIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za

VIDEO UITSENDINGS Volg skakel op gemeente se webblad ([gkcenturion.co.za](http://www.gkcenturion.co.za))

EREDIENSTE OP INTERNET: <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname)

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Esmé 0833816428/esmel.prins@gmail.com vir navrae

KATKISASIE: Vandag: Les 25, Sb 18:1

Volgende week: Hersiening Les 19-25 Sb 10-2:1

KLEUTERKATKISASIE (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas (kamer 5).

Kerk se bankbesonderhede:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

Inbetalings vir die Diakonie:

Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

Inbetalings vir die Susters:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

Maandelikse bydraes dmv EFT

Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr



VERJAARSDAE

“...U sorg vir my.” Ps 16:5

BELYDENDE LIDMATE

03-Nov	Tjaart	Bester	B11	27824286685
	Chrisjan	Smit	A14	27823866223
	Hannes	vd Berg	A05	27833761506
	Judy	Venter	A11	27828546499
04-Nov	Rochelle	Bloemhof	B02	27763286939
	Esther	Hoffmann	A02	27798940792
05-Nov	Basil	Appleby	A09	27828575367
06-Nov	Martie	Erasmus	C04	27828176917
07-Nov	Charlotte	Appleby	A09	27796284592
	Jors	Groenewald	A03	27833816454
	Tillie	Kamper	B10	27832578768
	Lizanne	Steenekamp	C15	27783274756
08-Nov	Jossie	Briers	A01	27823715383
	Ilona	Erasmus	A10	27846741108
	Lelo	Keitsemore	E01	27823713744
	Martie	Louw	A06	27796804503
	Corné	Snyman	B17	27733404004
09-Nov	Wietske	Boon	B18	27824114015
	Moritz	Jv Vuuren	B04	27724441182
	Maurice	le Roux	B13	27814843454
	Santie	van Rooy	B07	27825928952

DOOPLIDMATE

04-Nov	Hannah	Brits	B19	27827821413
	Gerhard	Roets	C11	27833805383
08-Nov	Guan	Buys	B09	27840508821
09-Nov	Helena	Gildenhuys	C13	27829215614
	Milané	Niehaus	A12	27825695909

TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



3 Nov	C05	Marie Coetzee
	C06	Doret Pretorius
	C07	Gerda Pieters
10 Nov	C08	Marietjie Smit
	C09	Marique le Roux
	C10	Minnette de Beer

Senior Aksie

Ons het gekom by die laaste funksie van 2019 – ons afsluit-ete.

Kom **Maandag**, 11 November 2019 om **12:00** vir 'n gesellige kuier en saam-eet in die saal.

Lede en gaste wat gaan bywoon moet asb hul name voor Donderdag, 7 Nov 2019 by Albie Venter, Ansie van Dyk, Hennie Lee of Ina Nel opgee en die nodige bedrae betaal.

Lede R10.00pp, gaste R150.00pp.

Dit is ook die laaste geleentheid om 'n vrywillige bydrae vir Eljada Huis te maak.

Albie Venter 083 631 6638

KATKISASIE AFSLUITING 17 NOVEMBER 2019

Alle laerskoolkinders en hulle ouers word hartlik uitgenooi na 'n braai direk na die afsluiting van die katkisasie op Sondag, 17 November. Die Jeugkommissie verskaf boereworsrolletjies en 'n "slip & slide".

Plek: Parkeerterrein

Bring saam: Drinkgoed, stoele, sonbrandroom, swemklere en handdoek.

Kontak Santie Coetzer (072 589 9448) vir meer inligting.



Centurion Florist skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee. (664-0685) centurionflorist@discoverymail.co.za.

Bouplanne—Skakel Tertius Horak by 082 925 6015 vir enige argitekswerk wat u benodig. Nuwe geboue, aanbouings en gebouplanne insluitend Stadsraad goedkeurings.

Rusoord—konsert met Demi Lee Moore Duo—15 Nov om 18:30 te Sorex Estate (Kings's Hall) R150pp. Besprekings: Webtickets.

Gesoek tuinwerk vir 2 dae vir een van ons karretjie mense. Hy is besonder betroubaar, gedissiplineerd, hardwerkend en verseker 'n bekeerde Christen. Kontak Hein Venter 083 357 6141/Hennie vd Walt 082 927 4326

ELJADA HUIS

Eljada Huis se koskaste is leeg en die kos kom baie stadig in ook uit ander gemeentes agv die ekonomiese omstandighede.

Ons sal eersdaags behoeftes per gesin ontvang vir die Desember vakansie. Gk Centurion maak gewoonlik 'n paar gesinne se kospakkies op en voorrade wat kort word aangekoop uit die kontantskenkings.

Indien u graag self 'n gesin wil "borg" deur die gesin se kospakkie op te maak kan u my asseblief kontak. Ek sal, sodra die lyste beskikbaar is, dit aan u verskaf waarna u dan 'n gesin kan kies.

Stuur enige navrae: petraswa@gmail.com / 082 927 7324.

Annatjie van Eljada, die "hart van die huis" is gediagnoseer met Pankreaskanker. Ons vra u voorbidding vir haar en Petro, haar helper by Eljada, wat nou alles self moet behartig. Dit gaan goed met Annatjie en sy is baie positief.

Die **Opedag van 9 November 2019** word **gekanselleer** onder die omstandighede.

Petra Swanepoel - 0829277324



Metode om tot die **2 Miljoen Bybels-projek** by te dra:

1. Plaas jou bydrae in een van die kassies by die deure.
2. Betaal jou skenking per EFT in die GK Centurion se bankrekening met verwysing: *Bybelgenootskap*

Vakatures by CCL (2020): Gr 3 en Intersen Fase

Vereistes:

- Onderwys-ervaring en SACE-registrasie
- Voorkeur aan ervaring in Christelike onderwys
- Voorkeur aan reformatoriese kerkverband

Stuur CV na skool@LSCenturion.co.za voor of op 11 November 2019

Terugvoer

U word uitgenooi na 'n terugvoer geleentheid Sondagand (**3 November**) na die erediens waar **Eben en Phia le Roux** terugvoer sal gee oor die werk wat by Botshelo Trust gedoen word. Hierdie is een van die inisiatiewe wat ondersteun word uit ons gemeente (via die Evangelisasie Kommissie). Botshelo Trust is onder andere besig (in samewerking met Wycliffe) om die Bybel in verskillende Boesman dialekte te vertaal.

Marlou en Esmé van den Berg gaan ook terugvoer gee om hulle onlangse uitreik na Malawi saam met Harvesters. Die doel van die uitreik was om Bybels te versprei. Geestelike groei kan direk geassosieer word met kennis van die Woord van God en daarom is dit belangrik dat alle gelowiges toegang tot die Bybel het.

Ons gee om vir Mekaar

"...die Here sal my onder sy sorg neem." Ps 27:10



- Mossie Venter sterk aan in Unitas hospitaal (B7—083 564 2957).
- Petra Swanepoel gaan komende week vir 'n oogoperasie (A9—662 2554).
- **Meelewing** word betuig met die familie en vriende van Elsie Vermeulen (oud-lidmaat en inwoner van Monumentsig) wat gedurende die week oorlede en begrawe is.

Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

Geluk

- ♥ Wessel en Elana Brits met die geboorte van Cara.
- ♥ Thys en Marie Maree met die geboorte van Lea.

Vergaderings

4 Nov—Bedieningskommissie 18:00; Uitteling kommissie 18:30; Finans kommissie 19:00
6 Nov—Ouderling Blok (A, B, C) vergaderings 18:00

Gemeente-ete

Op Sondag, **24 November 2019** vier ons die laaste Nagmaal van die jaar en neem ons terselfdertyd afskeid van Ds Paul en Anette van den Berg. Oudergewoonte eet die gemeente saam. Die diakonie verskaf die vleis en die susters sal reël vir slaai en nagereg. Dit is belangrik dat die diakonie weet hoeveel mense die ete sal bywoon, daarom word etekaartjies vir die Nagmaalsete beskikbaar gestel. Kom haal gerus jou etekaartjie af onder die Olyfboom. Bring asseblief enige nie-bederfbare produk of skryfbehoeftes saam as jy jou etekaartjie kom haal. Hierdie skenkings is ten bate van die diakonie se projekte in Steynsburg en Eljada Huis. By die kerkdeure is daar lyste aangebring met voorbeelde van benodighede. Gaan kyk gerus en skaf iets aan vir iemand in nood.

Alethea Ministry 11:00

Worship Service

Like us on facebook: <https://www.facebook.com/aletheaministry/>

KOLLEKTES

Kollektes word nog steeds in banke/deure opgeneem vir diegene wat nie Zapper gebruik nie

Vandag: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Emeritaatversorging



Volgende week: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Sotho-bediening

Plaas asb u bydraekoevertjies in die konsistorie se kluis